MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 3 | 19 FEBRUARIE 2026

SKOOLSAKE

Klik op die logo hieronder vir meer inligting

Sport

Kultuur

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Whether your glass is half full or half empty, hope can fill it up.

Matshona Dhliwayo

Allereers hoop ek elke onderwyser, ouer en leerder omarm die laaste week se wispelturige weer. My wens vir julle almal is dat julle met elke sonstraal, weerligstraal en druppel reën die wonder van die skepping en die voorreg om dit te kan beleef, sal raaksien. Mag ons almal 'n half-vol-glas uitkyk op die lewe te hê. Moenie toelaat dat donker wolke, bedreigings en terugslae jul glas volmaak nie, maar maak jou glas vol met hoop. Wees positief oor jou lewe, jou geliefdes en ons geliefde land.

By Midstream College strewe ons daarna om 'n gebalanseerde en holistiese onderrig- en leeromgewing te skep. Ons bied aan leerders geleenthede om op akademiese-, sport-, kultuur- en sosiale gebied te leer, te eksperimenteer en te presteer. Dankie aan almal wat met 'n Carpe Diem-ingesteldheid die jaar tot dusver omarm het. Ons jaarlikse atletiekinterhoër volgende Vrydag is 'n verdere geleentheid. Ek hoop om so veel as moontlik leerders op die baan, op die veld en op die pawiljoen te sien. Midstream POWER!

Leerders het tot dusver hierdie jaar vele geleenthede op die sportveld gehad om hulself uit te leef, maar ook om te leer. Ons krieketspanne het regdeur skitterend presteer en ons eerste span speel Saterdag in 'n promosie-relegasie wedstryd teen Hoërskool Rustenburg nadat ons ons afdeling van die Finsbury-reeks gewen het – maak ons trots! Ons eerste seunstennisspan het onlangs die beste nog in die Groot 5-toernooi by Hoërskool Nelspruit gedoen. Geniet die wintersportvoorseisoen wat voluit aan die gang is.

Voorts, baie sterkte aan elke swemmer en atleet wat volgende Dinsdag en Vrydag aan hulle onderskeie A-bond-interhoëre gaan deelneem. Die swemmers gaan hul titel verdedig en die atlete, te midde van 'n klompie beserings, gaan veg vir oorlewing in die A-bond. Ongeag die uitkoms weet ek dat elke swemmer en atleet hulle bes gaan gee en vir meer kan ons nie vra nie. Sukses volg diegene wat waag en vasbyt – gaan voluit, geniet dit en sukses sal volg.

GRAAD 12-INLIGTINGSAAND

Graad 12-ouers en -leerders word genooi om op Dinsdag 24 Februarie die inligtingsaand in die saal by te woon. Belangrike graad 12-sake soos akademie, universiteitsaansoeke en die matriekafskeid, sal bespreek word. Ons hoop om u almal daar te sien.

KLEREWINKEL (VAKANSIETYE)

27 Maart	07:00 – 15:00
28 Maart tot 8 April	Gesluit
9 & 10 April	08:00 – 16:00
13 April	08:00 – 17:00
14 April	Normale ure
Vir dringende versoeke, WhatsApp of bel 064 937 0551